

Sing vooraf staande: Psalm 89:10 (p. 446)

- 10 My goedertierenheid, hom altyd trou naby, / sal in die donker nag sy helder leidster bly.
My Naam sal vir hom wees 'n altyd sterke toring, / en in my krag swaai hy die hooggehewe horing.
Ek sal sy hand laat heers oor lande wydgeleë, / sy regterhand laat rus op stroomgebied en seë.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.

Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Lofpsalm 33:5 (p. 159)

- 5 Die HEER se woord is skeppingsmagtig / wat lewe uit die dood gebied.
Hy spreek – dit staan daar lewenskrachtig, / Hy roep net en dit het geskied.
Nasies en tiranne / smee verniet hul planne / in die vlam van haat.
Hy wat groot van mag is, / weet wat daar bedag is / en verbreek hul raad.

Gebed

Here, U is die ewige God en Vader, en U is geseënd bo alle dinge. U het die aarde met heerlikheid en met eer bekleed, maar U het ook die hemel met groot seëninge in Christus vir ons voorberei. Ons loof en dank U, Here, dat die besluit van u Raad om ons uit die hand van die kwaad weg te neem, vir ewig vasstaan, en dat nie ons twyfel of enige mag ons hierdie voorreg kan ontnem nie. Ons dank U dat U ons as u kinders uitverkies het om erfgename te mag wees van u ewige koninkryk.

Ons dank U met groot opregtheid vir die grond van ons behoud, naamlik u genade in die Here Jesus Christus. As ons u genade ken en u vrede ervaar, Vader, dan loop ons beker oor. Dan is die volheid oor ons vervul.

Maar teen hierdie heiligheid herdink ons met siddering ons sondes. Ons moedswillige oortredinge. Here, plaas U self 'n wag voor ons mond, sodat ons nooit u eer kan beswadde nie. En ook sodat ons nie een van u kinders mag onteer met woorde nie. Ons begaan gereeld hierdie foute, en daarom pleit ons van U krag uit die hoogte om hierdie wandade te kan oorkom.

Maar gee ook aan ons die onwankelbare moed om u Woord en u reg te verkondig aan elke mens. Die moed en oortuiging om nie te swig wanneer ons die stem van u Gees hoor wat ons oortuig van u wil en eise nie. Hoe dikwels moet ons tot ons beskaming bely dat ons u weë nie verkondig nie. En dikwels van swakheid en skaamte swyg. En ander kere weer ten opregte die kwaad aanblaas.

Wees met ons in die verkondiging van u Woord. Wees elke ampsdraer van ons met soveel insig naby dat ons altyd duidelik en helder mag sê: So spreek die Here HERE. Ook in ons eredienste, laat u Gees spreek, en ons tot vertroosting beweeg, maar ons ook ernstig vermaan om ons van die kwaad te bekeer. Verhoor ons om Christus wil.

Amen.

Psalm 42:7 (p. 215)

- 7 O my siel, waarom onrustig? / En wat buig jy jou in my?
Waarom in Gods lof onlustig / as dié spotstem jou bestry?
Menigmaal het Hy jou druk / laat verwissel in geluk.
Hoop op God, in Hom weer rustig! / In sy lof sal 'k my verlustig.

Skriflesing: Romeine 3:20-24 en Romeine 8:30 vv; 2 Samuel 9:6-13

Teks: Romeine 3:20-24 en Romeine 8:30 vv; Kategismus Sondag 23

. . . aangesien uit die werke van die wet geen vlees voor Hom geregverdig sal word nie, want deur die wet is die kennis van die sonde. Maar nou is die geregtigheid van God geopenbaar sonder die wet, terwyl die wet en die profete daarvan getuig, die geregtigheid naamlik van God deur die geloof in Jesus Christus vir almal en oor almal wat glo, want daar is geen onderskeid nie.
(Romeine 3:20-24 AFR1953)

Die hele geloof is genade en oordeel. Vreugde en smart.

- Deur ons eie sondes is ons verdoem tot in die diepste dieptes van die hel.
- Deur ons eie sondes is ons totaal van die heerlikheid van God beroof.

Maar

- Ons is inwoners van die hemel omdat ons verlos is van sonde deur die Here Jesus Christus.
- Ons is bekleed met die heerlijkheid van God se teenwoordigheid.
- Geloof is die eenheid wat al hierdie dinge aan mekaar verbind.

Geloof is om hierdie dinge te ken en te weet en die balans daartussen te ken, en ook te kan handhaaf.

- Geloof is om van harte alles aan te hang sonder om sekere dele daarvan te verwerp.
- Dit is 'n kenmerk van 'n ware geloof dat dit die hele/volle waarheid aanhang – van die sondeval tot die wederopstanding van die vlees en die ewige lewe.

Nou kom die vraag: Watter saak maak dit nou aan jou dat jy al hierdie dinge glo? Dan antwoord ons dat dit baie saak maak, want hierdie dinge gee my die versekering dat ek voor God geregverdig is, en 'n erfgenaam van die ewige lewe.

- Dit gaan dus in die eerste plek oor die waarde wat die regverdiging vir my het. Ons kom voor die troon van God sonder enige reg dat ons in 'n posisie van verdienstelikheid is.
- Ons is soos Mefiboset van die Ou Testament, die seun van Jonathan, toe Dawid al die besittings van Saul aan hom gegee het en daarby ook nog vir hom die versekering gegee het dat hy altyd brood aan Dawid se koningstafel sal eet.

Uit die bloute het daar vir hom versorging gekom.

- Dit was genade waarop hy geen reg of aanspraak gehad het nie.
- Daarom kon hy ook antwoord: Wat is u kneg dat u omgesien het na 'n dooie hond soos ek?
- Kom ons kyk na onself. Vuil in ons sondes.
 - En dan dek God die tafel van genade vir ons.
 - Ons ontvang die brood van die ewige lewe – die vrypraak deur die Here Jesus Christus en die ewige lewe.

Die verdere simboliek kom natuurlik daarin uit dat Mefiboset sy grootvader se besittings erf, met ander woorde besittings bekom, wat buitendien syne sou word, as die geskiedenis normaal sou verloop.

- Met die geloof kom ons ook in 'n erfgenaamposisie voor die Here.
- Ons erf die besittings wat ons buitendien sou gehad het as Adam nie in sonde geval het nie.

Ons kom dus in aanmerking vir die heilsgoedere wat ons vroegste stamvader van God ontvang het.

- Adam was in persoonlike kontak met die Here en die Here se heerlijkheid was in hom ingeskape.
- Deur die geloof in die Here Jesus Christus kry ons die belofte van die bruilof saam met die Lam – 'n fees wat ons terugkeer na die volmaakte verhouding met God vier.

Elkeen ken homself. Ons sal blatant oneerlik wees as ons ontken dat ons vol ongeregtheid is.

- Eerlik gestel moet die Here ons verdoem oor alles wat ons doen, dink en sê.
- Die Here se regverdigheid behoort eintlik te sê dat die enigste manier wat daar is om reg aan ons te laat geskied, is om ons die ewige lewe te ontnem, en ons te betaal met die ewige dood.
- Ons voel ook baie keer so onwaardig oor al die waarheid van ons sondes dat ons onself nie kan sien as erfgename van die ewige lewe nie.

Maar dan kom die geloof wat leer dat daar by God nie net oordeel is nie.

- Die geloof leer dat ons tog ondanks alles erfgename is van die koninkryk van God.
- Ons het ondanks alles wat teen ons tel, nog die hoop op die ewige lewe.

Dit is al klaar 'n groot saak vir ons om deur die mense as regverdig beskou te word. Hoeveel te meer dan nie deur God nie?

- Dit is die groot waarde van al hierdie dinge dat ek daarin die liefde van die Here vir my leer ken.
- Ek word volkome vry verklaar.

Die vryspraak gebeur ook nie sommer so speel-speel en sommer net so met woorde nie.

- Daar is werklik 'n hofsaak waarin God die Regter is en ek verhoor word – en in hierdie saak word ek vrygespreek van sondes en skuld.
- Ek word nie vrygespreek omdat ek geen sondes gedoen het nie.
- Ook nie omdat ek werklik onskuldig is nie.
- Ek word vrygespreek juis omdat ek kragtens al hierdie dinge waaraan ek glo, deur die Here Jesus Christus vrygemaak word. Hy is gestraf vir al my oortredinge, sodat ek vrygespreek kan word.

Die oorsaak van hierdie regverdigverklaring is dan ook die tweede punt van die regverdiging waaraan ons aandag moet gee.

- Geen hofprosedure maak voorsiening daarvoor dat iemand wat skuldig is aan 'n hele reeks van sondes en oortredinge, sommer net so uit die hand vrygespreek en regverdig verklaar kan word nie.
- Maar in God se hofsitting oor my saak gebeur dit tog! Romeine 8:33 vv stel dit duidelik dat God sy kinders so regverdig maak dat niemand 'n klag teen hulle kan inbring nie!

Ons sing dit ook treffend: Waar is die mond wat durf verdoem as God sy kind regverdig noem?

- Ons kan maar net sê: Vrygespreek sonder enige verdienste.
- Net die genade van die Here alleen skenk vir my vergifnis van my sondes.
- Die Here se genade is die enigste oorsaak dat ek sommer so regverdig verklaar kan word.

Ons is in dieselfde posisie as die tollenaar wat gaan bid het in die gelykenis.

- Deur die genade kom ons voor die aangesig van die Here.
- Deur genade kan ons bid.
- Deur genade kan ons regverdig weggaan. (Dis waarom vraag 60 van die Heidelbergse Kategismus leer dat my gewete my aankla dat ek teen al die geboie van die Here swaar gesondig het.)

Wie of wat is hierdie genade wat al hierdie dinge aan my laat toekom? Die Here Jesus Christus skenk hierdie genade aan my.

- Hy is die vervulling van die genade van God.
- Dit kom baie mooi na vore in die betoog wat Paulus lewer in Romeine 8:

Wat sal ons van al hierdie dinge sê? As God vir ons is, wie kan teen ons wees?

Die bedoeling is dat ons net een uitspraak oor die sonde kan gee, en dit is dat die genade van die Here ons daarin teen sy veroordeling beskerm.

- Paulus vervolg sy betoog met die feit dat die Here selfs sy eie Seun nie gespaar het nie, maar Hom vir ons almal oorgegee het, hoe sal Hy nie saam met Hom ons ook alles genadiglik skenk nie?

- Ons hoor dit ook by Nagmaal.

Ons Here Jesus Christus moes buig onder die oordeel en toorn van God ter wille van ons oortredinge.

- Soos die Bybel dit op 'n ander plek ook stel: Die skuldbrief van ons sondes is saam met Hom aan die kruis vasgenaël.
- As die Here Jesus Christus dan vir ons sondes al hierdie dinge moes deurmaak, waarom sal die Here dit dan nou van ons af weghou?
- Hy sal dit dan natuurlik mos nie weghou nie, maar juis skenk!

Van nature staan ons half afkerig teenoor die genade.

- Ons is soms baie onverskillig – luister maar hoe verhard is ons as ons vermaan word!
- Maar die Here is nie onverskillig nie! Hy beplan 'n wrede dood vir sy Seun, om daarmee sy toorn oor ons onverskilligheid te wreek.
- Nou bewys die Here genade aan ons, al is ons ook onverskillig. Ons Borg moes die losprys betaal vir ons onverantwoordelikheid.

Christus skenk dus eintlik twee dinge:

- Die een is die verlossing uit die hel, en
- die ander is die toegang tot die hemel.

Verder moet ons vra hoe al hierdie dinge moontlik is!

- Hoe kan dit wees dat my regverdigverklaring so geweldig baie waarde het, en hoe kan Christus se genade veroorsaak dat ek al hierdie dinge bekom?
- Dan is die antwoord dat die dinge moontlik is deur die geloof – deur die geloof alleen is regverdigmaking moontlik.

Romeine 1:16 en 17 betoog dat die regverdige deur sy geloof sal lewe – dié geloof wat die Heilige Gees in my hart werk.

- Die inhoud van geloof is juis hierdie hele raadsplan van die Here, naamlik verlossing uit sonde, en die ewige lewe.
 - Geloof is juis om jou eiegeregtigheid te besef.
 - Geloof is ook om jou saligheid by die Here te gaan soek.

Die vervulling van die Raad van God se verlossing oor my berus dus op my geloof alleen – van my kant af gesien.

- So word dit moontlik om Christus aan te neem tot my regverdigmaking.
- Romeine 5:1 stel dit die beste:

Omdat ons dan uit die geloof geregverdig is, het ons vrede by God deur onse Here Jesus Christus; deur wie ons ook deur die geloof die toegang verkry het tot hierdie genade waarin ons staan; en ons roem in die hoop op die heerlijkheid van God.

Nou moet ons onself teen die agtergrond van hierdie regverdigmaking van die Here Jesus Christus sien. Teen die agtergrond van die hele raadsplan van God ten opsigte van ons regverdigverklaring.

Dan blyk dit baie duidelik hoe ons rondspartel in ons eie pogings om onself te regverdig.

- Ons stel onself as regter aan oor ons optrede oor ons naaste.
- Ons stel onself aan as die beoordelaar oor die behoeftes van ons geloof en ons siel.

As ons so probeer voortwoeker in ons eie krag mis ons daarmee die regverdigmaking van die Here Jesus Christus.

- Geen mens kan jou regter wees nie.
- Ook nie jyself jou eie nie.
- Net die Here alleen is die ewige Regter.

Die Here sal alleen die Regter wees wat my onskuldig verklaar as ek met die regte geloof my swakhede sien en ken – en as ek met die regte geloof die vrede van skuldvergifnis by Jesus Christus aan die kruis verwag.

Kom ons lees wat staan hieroor in ons belydenis geskryf (Heidelbergse Kategismus Sondag 23):

Vraag 59: Maar wat baat dit jou nou dat jy dit alles glo?

Antwoord: *Dat ek in Christus voor God geregverdig en 'n erfgenaam van die ewige lewe is (a).*
(a) Hab 2:4; Rom 1:17; Joh 3:36.

Vraag 60: Hoe is jy regverdig voor God?

Antwoord: *Slegs deur 'n ware geloof in Jesus Christus (a); so dat al kla my gewete my aan dat ek teen al die gebooie van God swaar gesondig het en nie een daarvan gehou het nie (b) en dat ek nog gedurigdeur tot alle kwaad geneig is (c), God nogtans (d) aan my sonder enige verdienste van my kant (e), uit louter genade (f) die volkome genoegdoening (g), geregtigheid en heiligheid van Christus skenk (h). Dit reken Hy my toe asof ek nooit sonde gehad of gedoen het nie, asof ek self al die gehoorsaamheid volbring het wat Christus vir my volbring het (i). Aan hierdie weldaad het ek deel vir sover ek dit met 'n gelowige hart (j) aanneem.*

(a) Rom 3:21, 22, 24; 5:1, 2; Gal 2:16; Ef 2:8, 9; Fil 3:9. (b) Rom 3:9. (c) Rom 7:23. (d) Rom 4:4; 2 Kor 5:19. (e) Tit 3:5; Deut 9:6; Eseg 36:22. (f) Rom 3:24; Ef 2:8. (g) 1 Joh 2:2. (h) 1 Joh 2:1. (i) 2 Kor 5:21. (j) Rom 3:22; Joh 3:18.

Vraag 61: Waarom sê jy dat jy slegs deur die geloof regverdig is?

Antwoord: *Nie dat ek op grond van die waarde van my geloof vir God aanneemlik is nie, maar omdat slegs die genoegdoening, geregtigheid en heiligheid van Christus my geregtigheid voor God is (a). En dit kan ek nie anders as slegs deur die geloof aanneem en my eie maak nie (b).*
(a) 1 Kor 1:30; 2:2. (b) 1 Joh 5:10.

Amen.

Slotgebed

Here, ons dank U dat U ons onderrig en ons leer. Gee aan ons 'n hart wat verstaan as U tot ons spreek en ook 'n gees wat gewillig is om hom te laat leer. Lei ons in hierdie nuwe week sodat ons weer mag leef tot u eer en verheerliking.

Ons bid dit om Christus wil.

Amen.

Slotpsalm 84:1, 2 (p. 424)

- 1 Hoe lieflik is u wonings, HEER / der leërskaare! Hoe begeer my siel en hunker van verlanse / om na Gods woning op te gaan en in u tempelpoort te staan / met jubelende lofgesange. My hart en vlees, o God, roep luid / tot U wat leef, verlangend uit.
- 2 Die mossie vind 'n huis, o HEER, / die swaeltjies lê in nessies neer; en ek vind rus by u altare, / waar U vir my 'n woning maak en U, my Koning, my bewaak. / Gedugte HEER der leërskaare, welsalig wie in u paleis / U altyddeur mag loof en prys!

Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees bly by u almal.

Amen.

Dr MJ du Plessis
Gereformeerde Kerk Bellville
Datum: 27 Junie 2010